ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN DIE ROEPSTEM VAN JESUS CHRISTUS

India's National Spiritual Newspaper — AFRIKAANS ₹ *10/-*

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: **S. SAM SELVA RAJ** — **- In 16 Tale** — ***Mederedakteur:*** **Sr. Marietjie Nelson**

Vol. XIII **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, JANUARY 2020** **No. 10**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

PSALM 71:1-8

1. By U, Here, skuil ek, laat my tog nooit teleurgestel staan nie!
2. Red my en bevry my, want U is getrou. Luister tog na my en help my!
3. Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting.
4. My God, bevry my uit die hand van goddeloses, uit die greep van skurke en verdrukkers,
5. want U, Here, U is my hoop, op U, Here, het ek van jongs af vertrou.
6. U is my hulp van my geboorte af, reeds voor ek in die wêreld gekom het, het U my beskerm. U loof ek gedurigdeur.
7. Ek is vir baie 'n wonder, want U is my veilige toevlug.
8. Ek besing u lof en u roem gedurigdeur.

VIR GELOWIGES, WANNEER HULLE BID!

- Pastoor Nico Smit

Gebed is een van die grootste voorregte wat ons as gelowiges het. Maar daarmee saam kom groot verantwoordelikheid. Wanneer ons 'n atmosfeer vir genesing skep, dan vloei die werk van hierdie bediening baie vlotter. Daar is drie faktore wat ons in plek moet hê as ons wil sien dat hierdie bediening in werking kom:

i. Ons moet volkome geloof hê in God en sy vermoë om te doen wat Hy wil.

ii. Daar moet volkome eenheid wees onder die mense wat hierdie bediening wil sien werk. Wanneer hulle saam met hierdie dienswerk besig wees, moet daar volkome harmonie en respek vir mekaar wees. As een teen die ander bid, sal dit die eenheid beïnvloed en ook die genesing.

iii. Daar moet 'n lewenswyse van aanbidding wees. Nie Sondagaanbidding nie, maar aanbidding wat reik tot in elke aspek van jou lewe. Ons moet God eer met ons aanbidding.

Wanneer al drie hierdie faktore in plek is, sal genesing, geloof en gebed 'n manier van lewe tot gevolg hê wat oop is vir die leiding en werking van God. 75% van die mense wat genesing nodig het, kry dit van die byeenkom van klein voorbiddingsgroepies. Ek glo dit is omdat ware pastorale en versorgende bediening onderneem kan word in hierdie byeenkomste en daarom kan hulle met selfs met die diepste behoeftes help. Dit is hier waar die gawes van bemoediging en genade waardevol word. Wanneer 'n persoon met hierdie gawes aktief word, is daar 'n opregte omgee vir die geestelike welvaart van daardie persoon deur kalmering, vertorosting, aanmoediging en berading van

... verv. op bls. 3

Lewens aangeraak deur onderrig...sedert 1969

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)

"U kroon die jaar met u goeie gawes"

(Psalm 65: 11).



CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

Mag die God van vrede met julle wees dwarsdeur hierdie nuwe jaar, 2020

Geliefde broers en susters in die Here Jesus Christus,

Genade en vrede vir julle van die Here Jesus Christus!

Ja, dit is 'n ware seën vir julle en vir my om mekaar te groet in hierdie geskiedkundig belanrike seisoen van Kersfees en Nuwejaar, 2020! Die Here Jesus Christus het in genade ons lewens verleng om nog te leef in hierdie nuwe jaar. Ons moet dus 'n vaste besluit neem om Hom te soek, vir Hom te leef, en sy wil te doen in ons lewens. God Se Woord sê in Esra 8:22 "Ons God sorg goed vir almal wat hom dien". Dus moet ons versigtig leef om elke dag van ons lewe sy wil te soek en onsself ten volle te verbind daartoe dat Hy ons lei. **"Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop"** (Spreuke 3:6).

Wat my betref, ek gaan elke môre na my Here en Verlosser Jesus Christus, kniel voor Hom neer en met 'n dankbare hart, terwyl ek al my onbekwaamhede en swakhede bely, bid ek die volgende gebed: "O my Here en God Jesus Christus, ek weet een ding. Dit is, U soek iemand (Jeremia 32:19) wat U hart kan ken en 100% u wil kan doen (Jesaja 6:8). Ja, o Here, ek is hier; gebruik my vandag; ek is gewillig om te doen wat U wil hê; gee my u genade; moet my asseblief nie toelaat om van u wet af te wyk nie (Psalm 119:19); in myself is ek swak, so herskep my asseblief vandag deur u kosbare bloed". Ons Here God wat ons **God is wat gebede beantwoord**, antwoord my gebede en sorg vir my en al my behoeftes ten spyte van my fisiese swakhede, gebrek aan menslike steun, finansies, sosiale ondersteuning, ensovoorts. Sy genade ws nog altyd genoeg vir my op elke gebied van my lewe, dag vir dag soos Hy beloof het "My genade is vir jou genoeg" (2 Korintiërs 12:9).

My liewe broers en susters, hierdie woorde van bemoediging van die almagtige God Jesus Christus sal julle vandag help en elke toekomstige dag van julle lewe. Julle sal wonders sien in julle lewens (Miga 7:15).

Onthou asseblief met swaarkry en harde werk publiseer ons elke maand hierdie Echo of His Call tydskrif in 16 tale en stuur dit na ons geliefdes soos julle en ons verwag 'n groot deurbraak in julle alledaagse lewe, want dit bring hemelse boodskappe en gebedspunte vir elke dag van die maand en daardeur kom julle so naby aan die Echo of His Call-familie. Ek het dus dit as my persoonlike verantwoordelikheid op my geneem om vir julle te bid saam met my Gebedsvennote vanoor die hele wêreld. Vertrou dus daarop dat julle die hele tyd onder die bedekking van gebed is. God Jesus Christus het dit aan

ons geskenk.

Ek is bly dat julle ons tydskrif met aandag lees. Om 'n voorbeeld te noem, daar was 'n drukfvout in ons maandelikse Gebedsversoeke in die **Echo of His Call** van November 2019 se Tamiluitgawe vir die dag van 27 November. Op daardie selfde dag het ek 'n hele aantaal telefoonoproepe ontvang van mense soos julle regoor die wêreld om te vra waarvoor die gebedsversoek bedoel was! Ons waardeer dit. Ons is jammer oor die fout.

Ons is so dankbaar vir ons **Gebedsvennote** wat die verantwoordelikheid op hulle geneem het om te bid vir ons lersers soos julle se behoeftes sowel as van Echo of His Call, **Geloofsgenote** wat bid en donasies stuur elke maand**, Lewensgenote** (wat 'n eenmalige bedrag as offer betaal het) **Vennote wat inteken** wat bid en **Echo of His Call** ondersten met hullle intekengeld en hulle onvermoeide vennootskap met ons oor dekades heen en die **Groot Opdragvennote** wat bid en God se werk doen.

Ons dank God vir die 51ste jaar van die **Echo of His Call Bedienings**. Hierdie jaar, bo my kapsiteit en krag, moet ek reise onderneem binne en buite Indië, en beplanning doen vir die bekendmaking van God se bediening deur die evangelie te verkondig, leiers in plek te kry, kerke te plant en sosiale werke te bevorder onder die onderdrukte mense in Indië, Nepal, Pakistan, Bangladesj en Sri Lanka. Ek verootmoedig myself voor God en julle en versoek julle om te **bid vir die volgende behoeftes om sy visie vir die nasies te vervul deur ons:**

1. Mag God se genade wees met almal wat vir ons liefhet, ons vertrou, vir ons bid en ons finansieel ondersteun.
2. dat God se ondersteunende hande finansieeel met ons sal wees aangesien ons geen gereelde inkomste het om in ons daaglikse behoeftes te voorsien nie, want ons doen alles deur geloof in ons Here Jesus Christus.
3. dat God se helpende hand virmy en al my medewerkers sal toerus en bemagtig in die Hoofkantoor, Takkantore, Kerke, St. Paul's Matriculation High School, Nehemia Bybelkolleges, Bybelkor (Bybelkorrespondensiekursus), Teologiese Korrespondensiekursusse, Drukpers, Mederedakteurs en hulle personeel, Sendingsentrums, ens. met 'n spesiale salwing en krag. Somtyds voel ek moeg van die poging om volmaaktheid te bereik in sekere gebiede.
4. Ek benodig meer nuwe gesalfde uitvoerende beamptes, junior uitvoerende beamptes, geestelike leiers, vaardige werkers op die gebied van die onderhoud van rekenaars, die drukpers, die hoërskool, Bybelkolleges, kantooradministrasie, bediening deur die media, sendingwerk, toesighouding, onderhoud, ens.
5. Die gesondheid van my vrou Jesy Veena Sam besorg my benoude oomblikke by tye aangesien sy ly aan 'n longprobleem. Hoewel die dokters al hoop laat vaar het in 2018, behou God haar nog as my lewensgesel.
6. My seun Pastoor Alex Samson Sam is geseën met 'n spesiale roeping, talente en ywer vir die dienswerk van God. Na sy teologiese studie, dien hy die Here saam met my en het heelwat van my verantwoordelikhede oorgeneem. Hy het julle spesiale gebedig nodig vir sy goeie gesondheid en werk vir die Here met groot krag.
7. My dogter Angeline Selvakumari Henry is nou weg uit Indië. Sy is 'n baie talentvolle persoon wat groot dinge kan doen vir die Here. Ons bid die Here om haar spoedig terug te bring sodat sy haar verantwoordelikhede in die bediening kan aanvaar.

Ek onthou al my ou vriende en ondersteuners en hulle gesinslede en bid vir hulle met goeie herinneringe in hierdie nuwe jaar, 2020. Ek groet weer eens al my lesers, vriende en ondersteuners regoor die wêreld in die onfeilbare en heilige naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus!

Beste wense vir 'n aangename Kersfees en geseënde Nuwejaar, 2020

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,
S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls.1

daardie persoon. Hulle wil graag 'n een-tot-een verhouding hê om praktiese en meelewende liefde aan hulle te kan bewys. Dikwels is om net te luister genoeg om iemand te help om te ontdek wat God vir hulle wil sê. Simpatieke begrip sal aan hulle toon dat jy omgee en hulle welstand op jou hart dra.

Lukas 11:1-13: Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: "Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het". En Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid, sê dan: Vader, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied op die aarde net soos in die hemel. Gee ons elke dag ons

daaglikse brood. En vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie. Verder sê Hy vir hulle: "Sê nou een van julle het 'n vriend, en jy gaan in die middel van die nag na hom toe en jy vra: 'Vriend, leen my bietjie drie brode, want 'n vriend van my wat op reis is, het by my aangekom, en ek het niks om vir hom voor te sit nie.' En die ander antwoord van binne af: 'Moet my nie lastig val nie! Die deur is al gesluit, en ek en my kinders is al in die bed. Ek kan nie opstaan om dit vir jou te gee nie...' Ek sê vir julle: Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie. Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee [verwyder] Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."

Met die beantwoording van die vraag wat die dissipels gevra het, het Jesus daarop gewys hoe belangrik dit is om ernstig en volhoudend te bid. In dieselfde gelykenis het Jesus aangetoon dat God gebede beantwoord. In daardie bybelse tye het 'n mens nie die reg gehad om te weier om na 'n gas om te sien nie. Dit was deeel van hulle kultuur. Hoewel die man reeds in sy warm bed was en die huis klaar gesluit het vir die nag, het hy die verantwoordelikheid gehad om sy buurman te help, want die eer van die dorpie was op die spel. Hoewel die man herhaarldelik moes klop, het hy geweet hy sou gehelp word. Jesus sê vir ons dieselfde. Soms moet ons herhaaldelik bid, want ons weet volgens ons verbond en die beloftes van God dat Hy sal antwoord en dat Hy alle goeie en volmaakte dinge sal gee wat ons nie skade sal aandoen nie.

Die gebed van geloof:

Markus 11:23-25 **"Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: 'Lig jou op en val in die see,' en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees. En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe."**

Dit is wanneer ons vid vir die genesing van die persoon ongeag die rede waarom hy siek is. Dit is goed om te bid en te vas. Net omdat ons vasberade en opreg bid, beteken die nie dat dit God se tyd is of volgens sy wil is nie. Net God ken sy tyd. Ons kan God se wil ken as ons bid en die Bybel reg lees, maar God se tyd is sy Eie. Ons kan nie ophou met bid nie, want die Heilige Gees is daar om ons te help om die wil van God te vind en ontdek. Ons kan nie ophou glo nie en ons kan nie ophou om in God te glo nie.

Handelinge 28:8 **"Publius se pa was in die bed, siek aan maagkoors. Paulus het na hom toe gegaan, en nadat hy gebid het, het hy hom die hande opgelê en hom gesond gemaak."**

Paulus was op die eiland Malta. Publius se pa was siek en moes genees word. Die Skrif wys duidelik dat die apostel Paulus die behoefte verstaan het om eers tot God te bid oor die genesing voordat hy sy hande op die man gelê het. Dikwels is dit een van die foute wat ons maak wanneer ons siekes gaan besoek. Ons bid nie tot God vir begrip, wysheid, medelye en opdragte nie. As ons eers bid dan kan God aan ons opdragte gee oor hoe die genesende krag van God sal werk. Dan kan ons, soos Paulus, met sekerheid ons hande op die persoon lê in gehoorsaamheid aan wat God ons opgedra het.

1 Johannes 5:14-15 **"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra."**

Die krag van God word in ons vrygestel wanneer sy wil gedoen word. Jesus was ons voorbeeld. Hy is God en Hy het sekerlik die reg gehad om te doen wat Hy ook al wou. Maar ons lees dat wat Hy ook al gedoen het, Hy eers moes weet wat die wil van die Vader was voordat Hy enigiets gedoen het. As ons uitvind wat die wil van die Vader is, dan sal ons

... verv. op bls. 6

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Januarie 2020 tot 18 Februarie 2020

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Januarie 19: God het ons **Nehemia Bybelkolleges** op 'n wonderlike manier geseën.

Januarie 20: Die Here is besig om die bediening van die 100 Gebedstryders vir Wêreldherlewing te seën.

Januarie 21: God het ons in genade gehelp om die einde van hierdie jaar te sien.

Januarie 22: God het ons gehelp om die meeste van ons uitstaande rekenings te betaal.

Januarie 23: Laat ons God prys vir die onderwysers van ons **St. Paul's Matriculation School.**

Januarie 24: God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

Januarie 25: Laat ons God loof vir ons BYBELKOR Basiese Bybelkursus en Teologiese Korrespondensiekursus.

Januarie 26: Laat ons God loof vir al ons Mederedakteurs.

Januarie 27: Laat ons God prys vir die lektore van ons **Nehemia Bybelkollege**.

Januarie 28: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, lewensmaats en Groot Opdrag-vennote, intekenare en hulle gesinslede.

Januarie 29: God het al die aktiwiteite van ons **Nehemia Bybelkolleges** geseën.

Januarie 30: God het al ons sendingreise geseën.

Januarie 31: Laat ons God prys vir al ons Koördineerders in die state.

Februarie 01: God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call** Bedieninge in die laaste maand geseën.

Februarie 02: Loof die Here ons God dat Hy ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin beskerm teen alle soorte bose oorheersing.

Februarie 03: God het verlede maand nuwe mense in ons kerk ingebring.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Februarie 04: dat God hierdie maand in al die finansiële behoeftes van **Echo of His Call** Bedieninge sal voorsien.

Februarie 05: dat God ons vriende sal seën wat ons sendingvelde in 2019 besoek het.

Februarie 06: dat God julle almal in die nuwe jaar, 2020 sal seën.

Februarie 07: dat God mense sal bevry van dwelmverslawing.

Februarie 08: dat die gelowiges van alle denominasies van kerke liefde onder mekaar sal bewaar.

Februarie 09: Laat ons bid vir ons ondersteuners.

Februarie 10: dat die Here 'n einde sal maak aan die geraas in die nagte te wyte aan die aanbidding van afgode.

Februarie 11: Laat ons bid vir die sendelinge in Noord-Indië en vir hulle beskerming en God se leiding.

Februarie 12: dat God die regte studente sal stuur vir ons Nehemia Bybelkolleges vir die jaar 2020-2021.

Februarie 13: Ons het God se leiding nodig vir ons Evangeliese Drukpers.

Februarie 14: Ons benodig dringend fondse om 'n gebou op te rig vir ons **St. Paul's Matriculation School.**

Februarie 15: dat God vrede mag gee onder al die nasies van die wêreld.

Februarie 16: vir 'n nuwe salwing op ons medewerkers in ons kerke, publikasies, skool, Bybelkolleges, drukpers en administrasie.

Februarie 17: vir buurlande soos Nepal, Pakistan en Bangladesj.

Februarie 18: Laat ons bid tot God ons Here om ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin te beskerm teen alle soorte teenstanders.

verv. van bls.4

weet hoe om te bid soos dit behoort. Dis hoe ons ons gebede beantwoord kry. As ons die wil van God ken en bereid is om ons daaraan oor te gee, dan bid ons volgens sy wil en nie volgens ons begeertes nie.

Romeine 8:26-27 "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: **ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.**

Ons weet nie waarvoor ons moet bid volgens God se wil nie. Dit is die Heilige Gees in ons wat ons help deur ons gebede te salf sodat dit volgens die wil van God sal wees. Wanneer ons die Heilige Gees vra om ons te help bid, open ons 'n tweerigting kommunikasiekanaal tussen God en ons. Dit is waarom Hy, die Heilige Gees, aan ons gegee is.

Johannes 14:26 **"en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."**

Johannes 16:13-15 **"Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."**

Voordat ons selfs begin om te bid, moet ons die Heilige Gees nooi om aan ons die wil van God te openbaar. Hy mag dit dalk doen deur direk in ons gees te gee (Handelinge 11:12), deur vir ons 'n gesig te gee (Handelinge 10:9-18), of deur tot ons te spreek in 'n hoorbare stem (Handelinge 9:4-5), of deur vir ons 'n droom te gee (Matteus 1:20-21), of as 'n las van die Heilige Gees (Romeine 8:26), of deur 'n profesie (1 Korintiërs 14:3), of dit deur iemand te laat bevestig (Handelinge 15:28) of deur ons na die Woord van God te stuur (2 Timoteus 3:15-16). Dit maak nie saak hoe dit gedoen word nie, solank ons net saam met die Gees van God saamwerk. As ons saamwerk met die Heilige Gees, word groot krag aan ons gebede gegee.

As God sy goeie wil doen in die lewe van die persoon om meer heiligheid en getrouheid teweeg te bring, en Hy doen dit deur siekte of beproewing, dan moet ons bid vir 'n volkome herstel in hulle liggame, want wanneer daardie persoon bereik het wat God hom laat belewe het, mag hulle genees word. Die keuse om te genees, is steeds in God se hande. Ons word in die Bybel opdrag gegee om te bid vir enige behoefte waarvan ons glo dat dit gegrond is. God is in staat om ons gebed te beantwoord en om aan ons te openbaar of Hy nie genesing gaan skenk aan daardie persoon op daardie tyd of ooit in die toekoms nie. As God daardie behoefte erken en as dit in sy plan of doel is, dan sal Hy genees.

Wat is nou eintlik 'n gegronde behoefte? Ons moet glo dat God ons hemelse Vader is en dat Hy nie enigiets wat tot ons welsyn sal sal strek, sal weerhou nie. Wanneer my kinders na my toe kom met hulle behoeftes en begeertes, sien ek nie dieselfde dringendheid of belangrikheid in party van die behoeftes of versoeke wat hulle sien nie. Dit maak nie van my 'n slegte vader nie, maar ek weet meer as hulle en ek weet ook wat is goed vir hulle en wat die moontlikheid inhou om vir hulle skadelik te wees op die lange duur. My besluit om hulle versoeke toe te staan, is gebaseer nie net op wat hulle gelukkig sal maak nie, maar ook wat hulle sal help om te ontwikkel, te groei en hulle weg te hou van die verkeerde pad. Ons gebruik dikwels die uitdrukking "Dit maak my meer seer as vir jou!" want soms sal ons kinders huil en soms sal hulle seerkry, maar ons moet hulle toelaat om te groei.

Psalm 84:11 **"Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie".**

As genesing goed is vir ons uit die oogpunt van die alwetende God sal God dit sekerlik nie weerhou van sy geliefde kinders nie. As ons bid, moet ons aanvaar dat God ons liefhet, vir ons sorg en vir ons goeie dinge wil doen en dat Hy niks goeds van ons sal weerhou nie. God is die Geneser en Hy het nog nooit die bediening van genesing laat vaar nie.

Filippense 4:6-7 **"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."**

Matteus 21:22 **"As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in die gebed vra".** As ons bid, moet ons glo dat dit alreeds gebeur het. Wat ons ook al in die geloof vra, moet ons alreeds aanspraak op maak voordat ons dit kan sien. Die bewyse en die resultate mag miskien nie toon dat genesing plaasgevind het nie, maar ons moet vas staan en glo dat dit alreeds gedoen is. Ons kan ons genesing ontvang op die oomblik wanneer ons bid en glo. Dit mag 'n tydjie neem in sommige gevalle, maar dit beteken nie dat God dit nie gedoen het nie. Soms is die simptome wat na so 'n gebed verskyn een van die maniere waarop Satan probeer om twyfel in ons hart en gedagtes te bring. Maak seker dat jy God soek en dat jy Hom glo, want Hebreërs 11:6 sê vir ons "dat Hy dié wat Hom soek, beloon".

Baie mense het nie daarin geslaag om genesing van die Here te kry nie omdat hulle ná hulle gebed in die geloof nie onmiddellike resultate gesien het nie en hulle aan God instruksies wou gee oor die manier waarop hulle genees behoort te word en hoe Hy hulle moet seën. Die sleutel om hierdie gebed te ontvang, is om te glo dat God die gebed gehoor het en dat Hy deur sy verbond Hom aan ons verbind het om daardie gebed te antwoord. God sal die gebed beantwoord, óf geleidelik óf dadelik, maar Hy sal antwoord.

Johannes 16:23-24 **"Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie. Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee. Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."**

Jesus was besig om oor ons te praat, en Hy was besig om oor vandag te praat. Ons as die kinders van God kan nou direk tot die Vader bid in die naam van Jesus. Jesus het hierdie woorde uitgespreek net voordat Hy na Golgota sou gaan. Tot op daardie tyd is gebed nie aan Jesus gerig nie, maar aan die God van Abraham, Isak en Jakob. Jesus het alles wat nodig was, gedoen sodat ons tot die Vader kan bid in die naam van Jesus. Die Skrif gaan aan en vertel ons dat die rede waarom ons hierdie dinge moet vra, is dat ons vreugde volkome mag wees. Jesus stel belang in ons blydskap.

Jakobus 5:13-15 **"As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word".**

Ons het hierdie Skrifgedeelte bespreek in die hoofstuk oor die bediening van die ouderlinge. Maar ons moet besef dat dit hier ook verwys na die gebed in die geloof. Hierdie gebed is 'n gebed wat voortkom uit 'n goddelike gawe van geloof. As ons oor hierdie gebed nadink, moet ons weet dat dit meer is as net om in geloof te bid. Dit is 'n spesiale gebed waar God aan ons geloof vir genesing skenk. Dit is 'n gebed wat deur God geïnspireer is. Die mense wat geroep is om te bid, sal soms so geïnspireer wees om te bid vir daardie genesing dat as dit God se wil is, daar onmiddellike genesing sal plaasvind.

Matteus 18:19-20 **"As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle".**

Ons moet hierdie twee verse saam toepas. Daar staan dat as

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

enige twee op aarde saamstem. Dit beteken waar jy ook al is. Dit verwys nie net na byeenkomste in die kerk nie. Jesus sal seker maak as ons in sy naam bid, dat Hy daar is om dit tot stand te bring. Die feit dat Jesus daar sal wees, is wonderlik, maar die feit dat dit net twee mense sal verg om die werk gedoen te kry, is selfs beter. Dit is 'n groot ding om die hele kerk te kry om te bid vir iemand se genesing, maar volgens hierdie vers uit die Skrif, is net twee mense nodig om die werk gedoen te kry. Die sleutelwoord is 'saamstem'. Dit is ook belangrik om te verstaan dat daar 'n verskil is tussen geloof en hoop. As julle saamstem oor enigiets, vra dit geloof. Hoop sal dit nie doen nie. As julle hoop dat Jesus daar is, en julle hoop dat dit sal gebeur, sal dit nie gebeur soos julle gevra het nie. Daar moet geloof wees vir die hede!

Ons kan nie 'n persoon vir wie ons bid, dwing om geloof te hê nie. Dit is 'n keuse. As ons besig is met 'n bediening aan 'n ongelowige, sal dit niks beteken as ons vir hulle sê: "Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom!" As hulle verstaan en die tekens van die Gees sien, dan kan jy dit sê. Andersins is dit wys om te sê: "As jy dit glo, sal jy dit ontvang!" As hulle bereid is om te glo wat hulle sê, dan word 'n mate van geloof geaktiveer en dit open die weg vir God om op te tree. Laat hulle aanhou om hulle medisyne te gebruik totdat die dokter sê hulle moet stop.

****

Bid asb. vir

BYBELKOR INDIË

Indië is die tweede grootste demokratiese land in die wêreld met 'n bevolking van 1, 25 miljard mense. In hierdie totale bevolking is daar slegs 2% Christene en 98% van die mense het nog nooit die evangelie van Jesus Christus in hul lewens gehoor nie. 600 000 dorpies moet nog met die evangelie van Jesus Christus bereik word deur middel van literatuur, inbesonder Bybel-Korrespondensiekursusse in Engels, Hindi en Tamil. Ons versprei die Bybel-kursus getiteld 'New Life - For You!' gratis. Die kandidate wat die kursus voltooi, ontvang 'n sertifikaat en hulle word voorgestel aan 'n plaaslike kerk. Indien daar nie 'n plaaslike kerk in hul area is nie, ontmoet ons sendelinge hulle en plant huiskerke in die area om om te sien na hul geestelike behoeftes. Bid asseblief vir die sukses van die bediening en die nodige fondse.

BIBLECOR INDIA
P.O. Box 2957, Chennai - 600 005, India
E-pos: biblecor@yahoo.co.in

Bid asseblief vir

NEHEMIA BYBELKOLLEGES

ECHO OF HIS CALL MINISTRIES (sedert.: 1969)

Geaffilieer by Hindustan Bible Institute and Kollege (HBI), Chennai

Residensiële Kollege: Velachery
Medium: Engels en Tamil
Kursus: Diploma in Teologie
Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
Tydsduur: een jaar met opleiding in veld en in administrasie

Gulde Geleentheid!

GOD ROEP JOU!!

Aandkollege: Chepauk, Santhoshapuram
Medium: Tamil
kursus: Diploma in Teologie
Dae: Maandae, Dinsdae & Donderdae
Tyd: 6.30 n.m. tot 8.30 n.m.
(Spesiale Seminare sal gehou word)
Kwalifikasie: 10de Standerd en hoër
Tydsduur: Een jaar

Pastor S. Sam Selva Raj
Nehemiah Bible Colleges, Echo of His Call
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai - 600 005, India
Phone: (+91 - 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

" -wie dit lees, moet dit goed begryp- " Matteus 24:15.

Dink aan jou ouers

Aangesien my vader in die departement van verdediging gewerk het, is ek deur my ouma en oupa en uitgebreide familielede grootgemaak. Hulle was baie gesteld daarop om my groot te maak as 'n goeie Christen en het my geestelike dinge geleer. Hulle het my na kerkdienste geneem, na die Sondagskool vir kinders en ander geestelike byeenkomste met die doel om die liefde vir God in my hart te laat posvat.

My oupa was die eerste persoon wat tot die liefde van God gekom het in ons familie. Sy oorspronklike naam was mnr. M. Narayanan (die naam van 'n heidense god) en sy naam is verander na mnr. M. Nathaniel toe hy na Christus toe gekom het. Hy was 'n ryk man met baie grond en ander eiendomme. Toe ek baie jonk was, het hy my altyd skool toe geneem, na spesiale afrigtingsklasse, Kerkdienste, Sondagskool vir kinders en my dan weer huis toe geneem. Aangesien daar in daardie tyd geen behoorlike vervoerfasiliteite was nie, het hy my altyd op sy skouers gedra wanneer ek moeg geword het van die stap. Hy het altyd vir die mense langs die pad gesê, "Ek dra die klein Jesus!"

Hy was baie lief vir my en het my 'n deeglike opleiding gegee in die rysvelde, tydens oestyd, die versorging van jong osse en oskarre, in die koop van dinge vir die rysveld en die verkoop van wat die veld opgelewer het, en om te swem.

Eendag, toe ek op sy skouers gery het, was hy baie moeg. Hy het my neergesit en op 'n rots gaan sit en my op sy skoot laat sit, en gevra, "Wat sal jy my gee wanneer jy groot is, my seun?"

Ek het nie geweet wat om te antwoord nie. Ek het hom dus 'n lekker drukkie gegee, en ernstig in sy gesig gekyk en toe het ons ons reis voortgesit.

Die vraag wat my oupa my gevra het, het 'n groot indruk in my hart gemaak. Ek wou hom altyd iets gee. In daardie dae was daar nie 'n behoorlike begrip van redding deur die Here Jesus Christus nie, selfs onder die mense wat kerk toe gegaan het. Hoewel my oupa 'n gereelde kerkganger was en 'n persoon wat baie ondersteuning aan die plaaslike kerk gegee het, het hy nie geweet waarheen hy sou gaan na sy dood nie.

Toe ek opgegroei het en as 'n jong seun tot kennis van ons Here Jesus Christus gekom het, het die Here my 'n las gegee oor my oupa en ouma. Eendag terwyl ek by hom gesit het, het ek hom eenvoudig net gevra wat ons moet doen om hemel toe te gaan. Hy het gesê, "Net ons pastoor sal gaan!" Dit het my hart geraak. Ek is beweeg deur die Heilige Gees en Hy het my aangevuur om iets te doen om die onkunde onder onskuldige Christene uit te wis.

Toe ek 'n jong man geword het, het ek volgens goddelike leiding 'n **"Spesiale Retreat"** georganiseer in 'n saal by 'n strand genaam Muttam in die Kanyakumari distrik van Tamil Nadu, die mees suidelike punt van Indië. Dit was my eerste retreat in my beginnersbediening wat toe die naam gehad het van die**Good News Prayer Band.** Ek was toe 18 jaar oud en ek was die hoofspreker. Ek het al my vriende en familie genooi en ons het na die vergaderplek gereis met oskarre met kospakkies vir middagete. My ouma en oupa was ook deelnemers aan die eendagretreat. Die vergadering is begin en my grootouers het met verbasing na my gekyk, "Wat gaan my seun vandag doen!" Hulle was senuweeagtig!!

Maar ek was vol vertroue en het die liedere gesing wat my Sondagskoolonderwysers my geleer het in in plaaslike kerk. Toe die tyd vir die boodskap aanbreek, het ek gepreek oor die gebeurtenis van die donkie wat in Lukas 11:1-10 vertel word. Met die afsluiting

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org /
www.echoofhiscall.com
JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

van die boodskap het ek 'n lied gesing, "O my seun, o my dogter, sal jy jou hart vir My gee?" -- 'n ou lied geskryf deur my mentor, Ds. S. Devadason. Terwyl die hele vergadering besig was om te sing het my oupa en ouma bitterlike gehuil soos klein kindertjies in die kleuterskool en na vore gekom en voor my gestaan en verklaar dat hulle behoefte het aan die redding deur die bloed van die Here Jesus Christus en hulle berou gepleit. Hulle het Jesus Christus vir die eerste keer aanvaar as hulle persoonlike Verlosser. Ons het die aand almal huis toe gegaan met 'n nuwe ewige hoop. Na 'n paar jaar het hulle die ewigheid ingegaan met die hoop op die opstanding.

Hulle was my eerste oes. Hoewel daar nou al meer as 50 jaar verby gegaan het, is hierdie herinneringe vars in my geheue. Toe het die Here my na verskillende uithoeke van Indië en die buurlande geneem en selfs na die uiterste eindes van die wêreld en my in staat gestel om die evangelie van verlossing, en die hemelse vrede en ewige lewe te verkondig aan die mense van verskillende kulture en tale.

Liewe broers en susters, het julle al gedink aan die redding en ewige lewe van julle geliefdes in julle familie en in julle tuisdorp? 'n Hele aantal moderne predikers reis deeesdae rond na verskeie dele van die wêreld en verwaarloos hulle eie ouers en bloedverwante. Ons moenie so wees nie.

'n Groot beloning wag vir julle as julle oor die liefde van die Here Jesus Christus praat met julle nabye gesinslede en familie. Die ondervinding van weer gebore word, 'n heilige lewe, om God te dien, oordeel en ewige lewe is waar. Mag God julle seën!

****

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th JANUARY 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**